# Afrikaans Hersieningstoets

## Vraag 1

Lees die volgende leesstuk en beantwoord die vrae

# Vere maak die voëls



**Ravi en sy gesin het 'n voëlreservaat besoek.
Hy het baie interessante dinge geleer.**

1. Lees die nuwe feite wat Ravi geleer het.



### Uil

'n Uil vlieg so stilletjies dat sy prooi hom nie kan hoor aankom nie. Hy het breë vlerke en maak nie 'n geluid as hy vlieg nie. 'n Uil het op verskillende hoogtes aan weerskante van sy gesig splete wat sy ore is. Hy kan die geringste beweging van selfs 'n muis hoor! Uile kan hulle koppe driekwart omdraai en in enige rigting kyk. Hulle kan selfs onderstebo kyk!



### Flamink

Die flamink hou daarvan om in vlak water te loop. Hy roer die modderige water om sodat hy klein garnale en plankton kan vang. Die flamink het 'n geronde pienk snawel met 'n swart punt. Hy hou sy bek onderstebo om kos in die water mee te vang.



### Aasvoël

Die aasvoël is 'n baie groot voël wat dooie diere eet. Hy kan baie hoog vlieg. Aasvoëls het nie vere op hulle koppe nie sodat hulle binne-in karkasse kan vreet. Die kransaasvoël kan binnekort uitsterf. Baie van hierdie aasvoëls vrek omdat hulle vergiftigde diere vreet of doodgeskok word terwyl hulle op hoogspanningsdrade sit.



### Vink

Die vinkmannetjie weef 'n nes van gras en stroke van palmblare. Nadat hy die nes gemaak het, hang hy onderstebo en klap sy vlerke om te sê dat hy klaar is en 'n maat te soek. Die vinkwyfie spring by die nessie in om te sien of sy daarvan hou. As sy nie daarvan hou nie, moet hy dit oor bou!

**Beantwoord die volgende vrae deur die antwoorde neer te skryf.**

1. Hoekom het 'n uil groot, breë vlerke wat geluidloos kan vlieg?
_______________________________________________
_______________________________________________
2. Waarvan bou die vinkmannetjie sy nes?
_______________________________________________
_______________________________________________
3. Beskryf hoe lyk 'n flamink se snawel?
_______________________________________________
_______________________________________________
4. Hoekom het aasvoëls nie hare op hul koppe nie?
_______________________________________________
_______________________________________________
5. Wat gebeur as die vinkwyfie nie van die nes jou wat die vinkmannetjie gebou het nie?
_______________________________________________
_______________________________________________
6. Wat was die interessantste feit wat jy in hierdie leesstuk gelees het?
_______________________________________________
_______________________________________________

Klanke - Skryf die meervoude van die volgende woorde neer.

1. stoffer ____________________
2. paleis ____________________
3. gifpyl ____________________
4. vlerk ____________________
5. prop ____________________
6. sprinkaan ____________________
7. naald ____________________
8. golf ____________________
9. brood ____________________
10. kalf ____________________
11. stok ____________________
12. plant ____________________
13. baard ____________________
14. kleur ____________________
15. mond ____________________
16. grap ____________________
17. sif ____________________
18. leeu ____________________
19. peer ____________________
20. kalf ____________________

**Taalleer**

**Leestekens – Skryf die sinne oor en gebruik die korrekte leestekens**

- ek dink die laaste dag in oktober is 'n sondag

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

- hou jy van leeus olifante renosters of kameelperde

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Voegwoorde - Maak gebruik van 'n voegwoord om hierdie twee sinne een te maak. (want, maar, en)**

- Lisa is siek. Sy gaan dokter toe.

______________________________________________________________________

- Ek drink water. Ek is dors.

______________________________________________________________________

- Jy mag gaan. Jy moet vir juffrou vra.

______________________________________________________________________

**Ontkennende vorm – Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm**

- My huiswerk is gedoen.

______________________________________________________________________

- Ek hou daarvan om in die tuin te werk.

______________________________________________________________________

**Woordsoorte**

**Soek die werkwoord in die sinne en skryf 'n gepaste bywoord vir elke werkwoord.**

- Ek skryf elke middag my spelwoorde en dan speel ek in die parkie.

| Werkwoord | Bywoord |
|---|---|
| | |
| | |

**Soek die selfstandige naamwoord in die sinne en skryf 'n gepaste byvoeglike naamwoord by.**

- Die sprinkaan spring op die blom.

| Selfstandige naamwoord | Byvoeglike naamwoord |
|---|---|
| | |
| | |

**Tye van die werkwoord – Lees die volgende sinne en sê of hulle in die verlede tyd, teenwoordige tyd of toekomende tyd geskryf is.**

- Die seuns ry op hulle fietse. ___________________________________________
- Mamma het 'n heerlike koek gebak. ______________________________________
- Ek sal vir jou 'n stukkie koek bring. _____________________________________
- Die kinders het 'n wedstryd gespeel. ____________________________________
- Ek stuur vir my maatjie 'n boodskap. ____________________________________
- Die hond sal vir die skelms blaf. ________________________________________
- Ouma het vir my 'n geskenk gestuur. _____________________________________

**Vraagsinne – Maak vraagsinne van die volgende sinne.**

- Die baba slaap in sy wiegstoeltjie.

  ____________________________________________________________________

- My naam is Anja.

  ____________________________________________________________________

**Antonieme – Skryf die volgende sinne oor sodat dit die teenoorgestelde betekenis het.**

- In die <u>winter</u> is dit <u>koud</u>.

  ____________________________________________________________________

- My maatjie is <u>lank</u> en hardloop <u>vinnig</u>.

  ____________________________________________________________________

Sinonieme – Skryf woorde wat dieselfde betekenis het.

geskenk - ______________________________ beroep - __________________________________

nuusblad - _____________________________ voedsel - __________________________________

Trappe van vergelyking – Vul die korrekte trappe van vergelyking in.

- Vandag is die koud, gister was dit ______________________ en as dit sneeu is dit die ___________________________.
- My niggie woon in 'n (groot) ______________________ huis as ek.
- Ek het baie geld, Jaco het __________________ en die ryk man het die _____________________.
- Oom Hennie is (doof) _________________________ as sy broer.
- Dis die (skaam) _________________________kind wat ek ken.

Lettergrepe – Breek die volgende woorde in lettergrepe op.

- flamink - ______________________________________________
- vinkmannetjie - __________________________________________
- binnekort - _______________________________________________
- geronde - ________________________________________________
- snawel - _________________________________________________